basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# EKONOMIE

## EKSAMENRIGLYNE

## GRAAD 12

## 2017

**Hierdie riglyne bestaan uit 29 bladsye.**

**INHOUDSOPGAWE**


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| **1.** | **INLEIDING** | 3 |
| **2.** | **ASSESSERING IN GRAAD 12** | 4 |
| 2.1 | Formaat van die vraestelle | 4 |
| 2.2 | Detail van vraestelle | 4 |
| 2.3 | Kognitiewevlak-tabel | 6 |
| 2.4 | Hoërorde-vrae | 6 |
| **3.** | **INHOUD** | 9 |
| **4.** | **SLOT** | 29 |

## 1. INLEIDING

Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Ekonomie beskryf die aard en doel van die vak Ekonomie. Dit gee leiding aan die filosofie wat die basis is van die onderrig en assessering van die vak in graad 12.

Die doel van hierdie Eksamenriglyne is om:

- Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 Nasionale Seniorsertifikaat (NSS) -eksamen in Ekonomie geassesseer gaan word.
- Bystand te verleen aan onderwysers om leerders doelmatig vir die eksamens voor te berei.

Hierdie dokument gee aandag aan die finale graad 12 eksterne eksamens. Dit behandel op geen vlak die Skoolgebaseerde Assessering (SBA) nie.

Hierdie Eksamenriglyne moet gelees word saam met:

- Die *Nasionale Kurrikulumstelling (NKS) se Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV):* Ekonomie
- Die *Nasionale Protokol vir Assessering: 'n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) rakende die Nasionale Protokol vir Assessering (Graad R–12)*
- Nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die Nasionale Kurrikulumstelling, graad R–12

**LET WEL: Items wat met 'n asterisk (*) gemerk is, toon veranderinge of aanpassings van die vorige Eksamenriglyne (2014).**

**Alle onderwerpe waar 'bespreek volledig/ondersoek volledig/ vergelyk en kontrasteer volledig' voorkom, kan as opstelonderwerpe vir die volgende drie-jaar-siklus beskou word.**

## 2. ASSESSERING IN GRAAD 12

### 2.1 Formaat van die vraestelle

**KLASSIFIKASIE VAN ONDERWERPE VIR DIE GRAAD 12-EKONOMIE-VRAESTELLE**

| **EKONOMIE GR.12** | | |
|---|---|---|
| **VRAESTEL 1**<br><br>**150 PUNTE – 2 UUR** | | **VRAESTEL 2**<br><br>**150 PUNTE – 2 UUR** |
| **HOOFONDERWERP:**<br>**MAKRO-EKONOMIE** | | **HOOFONDERWERP:**<br>**MIKRO-EKONOMIE** |
| **SUBONDERWERPE:**<br>• Ekonomiese kringloop<br>• Sakesiklusse<br>• Openbare sektor<br>• Buitelandsevaluta-markte<br>• Beskerming en vryhandel | | **SUBONDERWERPE:**<br>• Volmaakte markte<br>• Onvolmaakte markte<br>• Markmislukkings |
| **HOOFONDERWERP:**<br>**EKONOMIESE STREWES** | | **HOOFONDERWERP:**<br>**KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES** |
| **SUBONDERWERPE:**<br>• Groei en ontwikkeling<br>• Nywerheidsontwikkelingsbeleide<br>• Ekonomiese en sosiale prestasie-aanwysers | | **SUBONDERWERPE:**<br>• Inflasie<br>• Toerisme<br>• Omgewingsvolhoubaarheid |

### 2.2 Detail van vraestelle

- Elke vraestel tel 150 PUNTE.
- Die tydsduur van elke vraestel is **2 UUR**.
- Elke vraestel bestaan uit SES VRAE, wat in DRIE afdelings ingedeel is.
  Van die ses vrae moet slegs VIER soos volg beantwoord word:
  - AFDELING A: VRAAG 1 is VERPLIGTEND.
  - AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae: VRAAG 2–4 waarvan die kandidaat slegs TWEE moet kies
  - AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae: VRAAG 5–6 waarvan die kandidaat slegs EEN moet kies
- Die bogenoemde vraestelle mag NIE op dieselfde dag geskryf word NIE.
- Die gedetailleerde vereistes vir elke afdeling (per vraestel) word op die volgende bladsy gegee.

**AFDELING A (VERPLIGTEND) TOTAAL: 30**

**VRAAG 1 (WORD IN DIE ANTWOORDEBOEK BEANTWOORD EN NIE OP DIE ANTWOORDBLAD WAT VERSKAF WORD NIE, AANGESIEN DIT NIE AAN DIE VEREISTES VAN AFDELING A VOLDOEN NIE)**

1.1 ***MEERVOUDIGEKEUSE ITEMS** (laer-orde)
MET 4 MOONTLIKE opsies per hoofonderwerp = 8 items (2 punte per item) (8 x 2) (16)

1.2 **PASITEMS (KOLOM A EN B)** (laer-orde)
VIER items per hoofonderwerp = 8 items (1 punt per item) (8 x 1) (8)

1.3 **NOEM DIE TERM** (middel-/laer-orde)
DRIE items per hoofonderwerp. (6 x 1) (6)

*Alhoewel die vrae van 'n lae orde is, kan hulle as MAKLIK, REDELIK of MOEILIK geklassifiseer word.*

**AFDELING B (BEANTWOORD TWEE VRAE IN HIERDIE AFDELING) TOTAAL: 80**

**VRAE 2 – 4 (DRIE VRAE)**

*EEN vraag per HOOFONDERWERP en EEN kombinasievraag (punte **nie noodwendig eweredig** tussen die 2 HOOFONDERWERPE in die kombinasievraag **versprei nie**)

2.1 Kort items

2.1.1 Laer orde (2 ITEMS) Noem TWEE. (2 x 1) (2)
2.1.2 Middelorde (1 ITEM), bv. Hoe, hoekom en wat. (1 x 2) (2)

2.2–2.3 TWEE dataresponsvrae (middelorde), bv. Bestudeer die volgende grafiek/spotprent/tabel/uittreksel/werklike data en beantwoord die vrae wat volg. (10 x 2) (20)

(Items in die dataresponsvrae moet van maklik na moeilik gerangskik word:
2 punte maklik, 4 punte redelik en 4 punte moeilik)

2.4 EEN enkelvraag (middelorde), bv. verduidelik, bespreek, onderskei, onderskei tussen (8)

2.5 EEN enkelvraag (hoër orde), bv. Hoe, hoekom, teken 'n volledig benoemde grafiek en verduidelik, bereken, gee 'n mening (8)

| |
|---|
| Met betrekking tot *wat*-, *hoe*- en *hoekom-vrae*, moet leerders deur die punte-toekenning in die beantwoording van die vraag gelei word. Bv. *Hoekom … (2 punte)* sal EEN besprekingspunt vereis, en *Hoekom … (8 punte)* sal DRIE tot VIER besprekingspunte vereis, afhangende van die voorbeelde wat gegee word.<br><br>Antwoorde moet betekenis gee aan die kontekstuele vereistes van die vraag! |

**[40]**

**AFDELING C (BEANTWOORD EEN VRAAG UIT HIERDIE AFDELING TOTAAL: 40**

**VRAE 5–6 (TWEE OPSTELVRAE)** EEN vraag per HOOFONDERWERP

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laer-orde-antwoord.<br>• 'n Goeie beginpunt is om die hoofterm, verwant aan die vraagonderwerp, te definieer.<br>• Moenie enige deel van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal nie.<br>• Vermy om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/ Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Differensieer/Verduidelik | Maks. 26 |
| **Addisionele deel:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/ Trek 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/ Debatteer kortliks/Hoe/Maak voorstelle | Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoër-orde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• 'n Kort samevatting van dit wat alreeds bespreek is, sonder om feite wat alreeds genoem is, te herhaal<br>• Enige mening of waardeoordeel van die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/analise versterk<br>• 'n Opponerende sienswyse met motivering, indien verlang<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

2.3 **Kognitiewevlak-tabel**

| HOOFONDERWERPE | | AFDELING A | | | AFDELING B | | | | | AFDELING C | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Meervoudige keuse | Pasitems A en B | Gee die term | Kort items | | Data-respons | Enkelvrae | | Opstelvrae | |
| | | Laer | Laer | Laer | Laer | Middel | Middel | Middel | Hoër | Laer | Hoër |
| VRAESTEL 1 | Makro-ekonomie | 4x2 = 8 | 4x1 = 4 | 3x1 = 3 | 2x1 = 2 | 1x2 = 2 | 2x10 = 20 | 8 | 8 | 10 | 30 |
| | Ekonomiese Strewes | 4x2 = 8 | 4x1 = 4 | 3x1 = 3 | 2x1 = 2 | 1x2 = 2 | 2x10 = 20 | 8 | 8 | 10 | 30 |
| | Makro en Strewes | | | | 2x1 = 2 | 1x2 = 2 | 2x10 = 20 | 8 | 8 | | |
| | TOTAAL | **16** | **8** | **6** | **4** | **4** | **40** | **16** | **16** | **10** | **30** |
| | | | | | | | | | | | |
| VRAESTEL 2 | Mikro-ekonomie | 4x2 = 8 | 4x1 = 4 | 3x1 = 3 | 2x1 = 2 | 1x2 = 2 | 2x10 = 20 | 8 | 8 | 10 | 30 |
| | Kontemporêre ekonomie | 4x2 = 8 | 4x1 = 4 | 3x1 = 3 | 2x1 = 2 | 1x2 = 2 | 2x10 = 20 | 8 | 8 | 10 | 30 |
| | Mikro en Kontemporêr | | | | 2x1 = 2 | 1x2 = 2 | 2x10 = 20 | 8 | 8 | | |
| | TOTAAL | **16** | **8** | **6** | **4** | **4** | **40** | **16** | **16** | **10** | **30** |

| | KOGNITIEWE VLAKKE | PUNTE | % |
|---|---|---|---|
| **VRAESTEL 1 & VRAESTEL 2** | **Laer-orde (Vlakke 1 & 2)** | 44 | 29,3 |
| | **Middelorde (Vlakke 3 & 4)** | 60 | 40,0 |
| | **Hoër orde (Vlakke 5 & 6)** | 46 | 30,7 |

**LET WEL:** Kognitiewevlakafwykings moet nie 2,67% oorskry nie.

2.4 **Hoër-orde-vrae**

- **Eienskappe van hoër-orde vrae:**
  - Vereis dat leerders betrokke raak by onvoorbereide of onbekende kontekste.
  - Vereis diep denke.
  - *Gegrond op laer-orde-vaardighede en gekoppel aan voorafgaande kennis van die vakinhoud.*

- **Tipes hoër-orde-denke-vrae: (Wat? Hoe? Hoekom?)**
  **Analise:** Hierdie vrae vereis dat leerders sleutelinligting ontleed en belangrike begrippe, temas en prosesse analiseer.
  Byvoorbeeld:
  - *Hoe is x aan y verwant?*
  - *Wat is die vernaamste redes vir?*
  - *Wat is die impak/invloed van b op c?*
  - *Wat is die probleem waarvoor hulle te staan kom …?*
  - *Wat is die kernidee? Tema?*
  - *Wat is sommige/party van die probleme van …?*
  - *Hoe is … soortgelyk aan/verskillend van …?*
  - *Hoekom het … veranderinge voorgekom?*

  **Evaluering:** Hierdie vrae vereis van leerders om uitsprake/menings/oordele en kritiek volgens duidelik geartikuleerde evalueerbare kriteria te formuleer en te regverdig/motiveer.
  Byvoorbeeld:
  - *Verskaf 'n beter oplossing vir …?*
  - *Wat is die gevolge van …?*
  - *Wat is die voor- en nadele van …?*
  - *Wat is die alternatiewe vir …?*
  - *Hoe effektief is …?*

  **Kreatiwiteit/Sintese:** Hierdie vrae vereis van leerders om 'n holistiese opsomming van sleutelidees te formuleer; 'n geïntegreerde, samehangende, ondersteunde antwoord te gee; afleidings te maak; te herformuleer, herkonstrueer of scenario's te skep. Die eie mening is krities.
  Byvoorbeeld:
  - *Gebaseer op hierdie feite, watter voorspellings sou jy maak?*
  - *Maak 'n voorstel om hierdie probleem op te los.*
  - *Hoe kan die foute reggestel word?*
  - *Watter alternatief sou jy voorstel …?*

***PUNTE OM TE OORWEEG WANNEER HOËR KOGNITIEWE VRAE MET 'N NASIEN-RIGLYN NAGESIEN WORD**

- Dis belangrik om daarop te let dat 'n nasienriglyn hoofsaaklik die nasiener rigting gee oor watter antwoorde aanvaarbaar is. Die leerder hoef NIE die antwoorde presies soos in die nasienriglyn te gee nie (behalwe objektiewe tipe vrae). Ten opsigte van ander vrae (AFDELING A, AFDELING B, noem, definieer, ens.) moet die nasienriglyn die kern van dit wat die leerders sê/weergee, dek.
- Wanneer 'n sekere vraag, bv. vir 8 punte, nagesien word, is dit belangrik dat die leerder sy antwoord op so 'n wyse aanbied dat dit die vraag beantwoord.
- As 'n leerder slegs 'n voorbeeld gee, sal 1 punt toegeken word. 'n Verduideliking van die voorbeeld kan verdere punte verdien.
- In 'n 8 punt-vraag is die maksimum getal punte wat 'n leerder vir voorbeelde en verduidelikings kan verdien, 4 punte. Die nasiener moet te alle tye kontroleer of die verduideliking die vraag beantwoord. In hoërorde-kortvrae, word 'n maksimum van 2 punte (25%) vir die blote noem van feite en voorbeelde toegeken.

- Ons moet waak teen die aanvaarding van inligting onder 'n sekere opskrif omdat dit in die teks voorkom. Soms is die inligting nie verwant aan die vraag wat gevra is nie.
- Daar moet onthou word dat handboeke meer/minder inligting oor 'n onderwerp gee as wat deur die eksamenriglyne vereis word. Ten opsigte van die eksamenriglyne kan meer as een vraag oor 'n sekere onderwerp gevra word. Die leerder moet in staat wees om die relevante inligting te kies/onttrek sodat dit op die vraag betrekking het.
- Soms lyk die inligting onder 'n sekere opskrif in handboeke abstrak in vergelyking met die eksamenvereistes. Die belangrike aspek om in ag te neem, is dat nie alle inligting in die teks relevant tot die vraag kan wees nie.

## 3. INHOUD

| HOOFONDERWERP: MAKRO-EKONOMIE | |
|---|---|
| **ONDERWERP 1: EKONOMIESEKRINGLOOP-MODEL** | **DETAIL OOR DIE INHOUD VIR ONDERRIG-, LEER- EN ASSESSERINGSDOELEINDES** |
| **Stel die ekonomiese kringloop as 'n makro-ekonomiese model voor:** | (Fokus: Relevante begrippe, Onderlinge verhoudings tussen deelnemers, markte, vloeie, inspuitings, lekkasies en ewewig in die ekonomie) |
| **1.1 Die oop ekonomiese-kringloop-model** | • Beskryf kortliks die **begrippe** verwant aan die ekonomiese kringloop<br>• Teken en interpreteer 'n **oop viersektor-ekonomiesekringloopdiagram**<br>• Bespreek die 4 **deelnemers** en die onderlinge verhoudings tussen hulle:<br>- Huishouding, sakesektor, owerheid en buitelandse sektor<br>- Reële vloeie en geldvloeie<br>- Toon die verhouding van die finansiële sektor in die ekonomiese kringloop |
| - **Vergelykings** | • Regverdig die ewewig: L = J en dui sy komponentelemente aan:<br>- Inspuitings (J = I + G + X)<br>- Lekkasies (L = S + T + M)<br>• Kort verduideliking van 'n ekonomie in ewewig:<br>- Y = C + I + G + (X – M)<br>• Koppel totale verbruiksbesteding aan inkome<br>• Verduidelik begrippe **outonome verbruik** en **marginale verbruiks-geneigdheid (mvg)** |
| - **Markte** | • ***Bespreek volledig*** die markte in die VIERSEKTORmodel<br>- **Faktormarkte:** (arbeid, hulpbron, kapitaal)<br>- **Produktemarkte:** (verbruiks- en kapitaalgoedere, duursaam, semi-duursaam en nie-duursaam)<br>- **Finansiële** (geld en kapitaal)<br>- **Buitelandsevaluta-mark**<br>- Verbind die funksionering van finansiële en buitelandsevaluta-markte aan die deelnemers van die ekonomiese kringloop |
| **1.2 Nasionale rekeningtotale** | (Fokus: Relevante begrippe, afleidings, interpretasie, analise van totale en omskakelings)<br>• Beskryf kortliks die **begrippe** BBP en BNP<br>• Beskryf kortliks die DRIE **metodes** om BBP te bepaal:<br>- Produksie BBP(P)<br>- Inkome BBP(I)<br>- Besteding BBP(E)<br>• Analiseer, interpreteer en lei totale in data-tabelle af |
| **Nasionale rekening-omskakelings** | • Ontleed die nasionale rekeningomskakelings:<br>- Faktorkoste, basiese pryse, markpryse<br>- Belastings en subsidies op produksie<br>- Belastings en subsidies op produkte<br>- BBP na BNP<br>• Verduidelik die **doel** met die Stelsel van Nasionale Rekeninge (SNR) soos deur die Verenigde Nasies (VN) uiteengesit |

Kopiereg voorbehou 

| | |
|---|---|
| **1.3 Die vermenigvuldiger** | (Fokus: Relevante begrippe, berekeninge, interpretasie of grafiese verduideliking)<br>• Beskryf kortliks die **begrip** vermenigvuldiger<br>• Verduidelik die **vermenigvuldigerproses**. (Koppel aan ekonomiese kringloop en voorbeelde).<br>• Bereken die **waarde** van die vermenigvuldiger deur die volgende formules te gebruik:<br>- $\frac{1}{1-mvg}$<br>- $\frac{1}{msg}$<br>- $\frac{\Delta Y}{\Delta E}$<br>• Toepassing van die basiese formule<br>• Grafiese voorstelling om die vermenigvuldiger te verduidelik. **<u>Trek die grafiek</u> …** |

| **ONDERWERP 2: SAKESIKLUSSE** | **DETAIL OOR DIE INHOUD VIR ONDERRIG-, LEER- EN ASSESSERINGSDOELEINDES** |
|---|---|
| **Ontleding en verduideliking van sakesiklusse en hoe dit word in vooruitskatting gebruik word** | (Fokus: Relevante begrippe, samestelling, verduideliking, owerheidsbeleide, nuwe ekonomiese paradigma en kenmerke onderliggend aan vooruitskatting met betrekking tot Suid-Afrikaanse toestande) |
| **2.1 Die samestelling en kenmerke van sakesiklusse** | • Beskryf kortliks die **begrippe**<br>• Beskryf kortliks die **aard** van sakesiklusse<br>• Toon/Illustreer 'n **tipiese sakesiklus**<br>• Gebruik 'n diagram en bespreek kortliks die verskillende **fases** in 'n sakesiklus<br>• Gee 'n breë oorsig van die **werklike** sakesiklus. |
| **2.2 Verduidelikings/Oorsake** | • Bespreek die **eksogene (monetaristiese)** verduideliking<br>• Bespreek die **endogene (Keynesiane)** verduideliking<br>• Vergelyk beide verduidelikings<br>• Gee 'n breë oorsig van die **tipes** sakesiklusse (Kitchin, Jugler, Kuznets en Kontratieff) |
| **2.3 Owerheidsbeleid** | • Verduidelik kortliks die samestelling van die volgende beleide:<br>- **Fiskale beleid**<br>- **Monetêre beleid** |
| **2.4 Die nuwe ekonomiese paradigma (effening/ gladstryk van siklusse)** | • ***Bespreek volledig*** '*Die nuwe ekonomiese paradigma*/Verduidelik die '*effening van siklusse*'<br>- Beskryf kortliks **vraagkantbeleide**.<br>o Verduidelik hoe **monetêre en fiskale beleide** (uitbreidend en inkrimpend) gebruik kan word met die gladstryk (effening) van sakesiklusse<br>o Dui die verband aan tussen inflasie (piek) en werkloosheid (trog) deur die **Phillips-kurwe** te gebruik<br>- Verduidelik **aanbodkantbeleide** en hoe totale aanbod gestimuleer kan word deur:<br>o Vermindering in koste<br>o Verbetering in die doeltreffendheid van insette<br>o Verbetering in die doeltreffendheid van markte<br>• Verduidelik die effek/invloed van vraagkant- en aanbodkantbeleide deur 'n grafiek te gebruik. |
| **2.5 Kenmerke onderliggend aan vooruitskatting van sakesiklusse** | • Beskryf kortliks die relevante begrippe<br>• ***Bespreek volledig*** die kenmerke onderliggend aan vooruitskatting:<br>- Aanwysers<br>o Leidende<br>o Samevallende<br>o Sloerende<br>o Saamgestelde<br>- Lengte van 'n siklus<br>- Amplitude<br>- Die tendenslyn<br>- Ekstrapolasie<br>- Bewegende gemiddeldes<br>• Gebruik 'n diagram en bespreek die sikluslengte, amplitude en die tendenslyn as kenmerke onderliggend aan vooruitskatting. |

| ONDERWERP 3<br>PUBLIEKE SEKTOR | DETAIL OOR DIE INHOUD VIR ONDERRIG-, LEER- EN ASSESSERINGSDOELEINDES |
|---|---|
| **<u>Evalueer</u> die rol van die openbare sektor in die ekonomie met spesifieke verwysing na die sosio-ekonomiese verantwoordelikheid daarvan in die Suid-Afrikaanse konteks** | (Fokus: Samestelling en noodsaaklikheid van die openbare sektor, probleme van openbaresektor-voorsiening, doelwitte, fiskale beleid en redes vir openbaresektor-mislukking) |
| **3.1 Die samestelling en noodsaaklikheid van die openbare sektor** | • Bespreek kortliks die samestelling van die openbare sektor<br>• Gee in breë trekke die **noodsaaklikheid** van die openbare sektor:<br>- Om openbare goedere te voorsien<br>- Om hulpbronne te bewaar<br>- Om die ekonomie te bestuur |
| **3.2 Probleme van openbaresektorvoorsiening** | • ***<u>Bespreek volledig</u>*** hoe elk van die volgende faktore tot swak openbaresektor-voorsiening bydra:<br>- Aanspreeklikheid/rekenpligtigheid<br>- Doeltreffendheid<br>- Assessering van behoeftes<br>- Prysbeleid<br>- Parastatale/Semistaatsinstellings<br>- Privatisering/Nasionalisering |
| **3.3 Doelwitte van die openbare sektor** | • ***<u>Bespreek volledig</u>*** die vernaamste **doelwitte** van die openbare sektor in die ekonomie<br>- Ekonomiese groei<br>- Volle indiensneming<br>- Wisselkoersstabiliteit<br>- Prysstabiliteit<br>- Ekonomiese gelykheid |
| **3.4 Begrotings** | • Gee in breë trekke 'n oorsig van die verskillende begrotings<br>• Beklemtoon <u>openbare skuld</u> as 'n % van die BBP<br>• Ontleed huidige **hoofbegroting**data met betrekking tot:<br>- Belastings<br>- Bronne van inkomste<br>- Bestedingstoekenning<br>- Persoonlike-inkomstebelasting-tabelle (belastingberekening)<br>• Onderskei tussen **MTBREF** en **MTBBV**<br>• Identifiseer hoe sosiale regte in die begrotings van die Suid-Afrikaanse owerheid vasgelê is |
| **3.5 Fiskale beleid (Laffer-kurwe ingesluit)** | • Bespreek die volgende kortliks:<br>- Die belangrikste **veranderlikes** (belasting en owerheidsbesteding)<br>- **Kenmerke** van fiskale beleid: doelwitgebonde, vraaggebaseerd, siklies<br>• Bespreek die **uitwerking** van fiskale beleid.<br>- Verspreiding van inkomste<br>- Verbruik<br>- Prysvlak<br>- Aansporings/Teenaansporings met betrekking tot die Laffer-kurwe<br>- (Teken en interpreteer die Laffer-kurwe)<br>- Diskresie |
| **3.6 Openbaresektor-mislukking** | • Verduidelik kortliks die **kernkenmerke** van openbaresektor-mislukking.<br>- Oneffektiwiteit<br>- Ondoeltreffendheid |

| | |
|---|---|
| | • Verduidelik kortliks die volgende **rede(s)** vir openbaresektor-mislukking en koppel hulle aan tipiese probleme ondervind deur openbaresektor-voorsiening:<br>- Bestuursmislukking<br>- Onverskilligheid<br>- Gebrek aan motivering<br>- Burokrasie<br>- Politici<br>- Strukturele swakhede<br>- Spesiale belangegroepe<br><br>• Verduidelik in breë trekke die volgende **uitwerking (effekte)** van openbaresektor-mislukking:<br>- Toekenning van hulpbronne<br>- Ekonomiese onstabiliteit<br>- Verspreiding/Verdeling van inkomste<br>- Sosiale onstabiliteit<br><br>Waar van toepassing smelt saam met: nasionale makro-ekonomiese beleid en dienslewering met betrekking tot sosio-ekonomiese regte, onderwys, gesondheid en die omgewing, maatskaplike sekuriteit, ooreenkoms oor die regte van die kind, belasting en vergoeding vir menseregteskendings. |

<table>
<tr><th>ONDERWERP 4: BUITELANDSE-WISSELKOERSMARKTE</th><th>DETAIL OOR DIE INHOUD VIR ONDERRIG-, LEER- EN ASSESSERINGSDOELEINDES</th></tr>
<tr><td><u>Ondersoek</u> die buitelandse-valuta-mark/wisselkoersmark, die totstandkoming van wisselkoerse en toon aan hoe die Betalingsbalansrekening geaffekteer word<br><br>4.1 Die vernaamste redes vir internasionale handel</td><td>(Fokus: Redes vir en uitwerking van internasionale handel, betalingsbalans, buitelandse valuta, buitelandsevaluta-markte en die regstelling van onewewigtigheid in die buitelandsevaluta-mark)<br><br>• Bespreek die volgende vraag-redes:<br>- Grootte van die bevolking<br>- Inkomstevlakke<br>- Verandering in die welvaart van die bevolking<br>- Voorkeure en smake<br>- Die verskil in verbruikerspatrone<br>• Bespreek die volgende aanbod-redes:<br>- Natuurlike hulpbronne<br>- Klimaatstoestande<br>- Menslike hulpbronne<br>- Tegnologiese hulpbronne<br>- Spesialisasie<br>- Kapitaal<br>• Bespreek kortliks die volgende uitwerkings van internasionale handel:<br>- Spesialisasie<br>- Massaproduksie<br>- Doeltreffendheid<br>- Globalisering</td></tr>
<tr><td>4.2 Die Betalingsbalans</td><td>• Beskryf kortliks die begrippe<br>• Bepaal die waarde van die Betalingsbalans<br>• *Verduidelik die samestelling van die <u>huidige Betalingsbalans</u> (wat onlangs verander het) ten opsigte van die verskillende rekeninge:<br><br>1. LOPENDE REKENING<br>Goedere-uitvoere<br>+ Netto gouduitvoere<br>+ Dienste-ontvangste<br>+ Inkomste-ontvangste<br>minus Goedere-invoere<br>minus Betaling vir dienste<br>minus Inkomebetalings<br>Lopende oordragte (netto ontvangste)<br>Saldo van die Lopende Rekening<br>Memo item: handelsbalans<br><br>2. KAPITAALOORDRAGREKENING<br><br>NETTO LENINGS AAN (+) OF LENINGS BY (-)RES VAN DIE WÊRELD<br><br>3. FINANSIËLE REKENING<br>Netto direkte investering<br>Netto portefeulje-investering<br>Netto finansiële afgeleides<br>Netto ander investering<br>Reserwebates<br>Saldo op die Finansiële Rekening<br>Memo item: saldo van Finansiële Rekening reserwebates uitgesluit<br>Onaangetekende transaksies</td></tr>
</table>

| | |
|---|---|
| **4.3 Regstelling van Betalings-balanssurplusse en -tekorte (onewewigtighede/disekwilibria)** | • Beskryf kortliks die **begrippe**: regstellings en tekorte/onewewigtigheid (disekwilibria)<br>• Bespreek kortliks die verskillende **maatreëls** om die Betalingsbalans **reg te stel**.<br>- Rentekoerse<br>- Invoerbeheer<br>- Leen en uitleen<br>- Verandering in vraag<br>- Uitvoerbevordering<br>- Invoervervanging<br>- Verandering in wisselkoerse |
| **4.4 Buitelandsevaluta-markte** | • Beskryf kortliks die **begrippe** (tipes wisselkoerse, appresiasie, depresiasie, devaluasie, revaluasie, **buitelandsevaluta-beheer**)<br>• Vraag en aanbod van buitelandse valuta<br>- **Faktore wat vraag beïnvloed**<br>- **Faktore wat aanbod beïnvloed**<br>- Wisselkoers**ewewig**<br>- **Veranderinge** in ewewig (teken en interpreteer grafieke)<br>- **Inmenging** in die mark |
| **4.5 Die totstandkoming van wisselkoerse** | • Verduidelik kortliks die volgende **wisselkoersstelsels:**<br>- Vryswewing<br>- Beheerde swewing<br>- Vas<br>• Beskryf **ruilvoet** onder die volgende opskrifte:<br>- Omskrywing<br>- Formule en<br>- Die uitwerking op die ekonomie. |

**SLEGS VIR ONDERWERP 4 (BUITELANDSEVALUTA-MARKTE):**

**GEEN OPSTELLE IS VIR DIE VOLGENDE DRIEJAAR-SIKLUS GEÏDENTIFISEER NIE.**

| **ONDERWERP 5: BESKERMING EN VRYHANDEL** | **DETAIL OOR DIE INHOUD VIR ONDERRIG-, LEER- EN ASSESSERINGSDOELEINDES** |
|---|---|
| **<u>Bespreek beskerming en vryhandel</u>; Evalueer Suid-Afrikaanse internasionale handelsbeleide en vernaamste protokol ten opsigte van die volgende:** | (Fokus op uitvoerbevordering, invoervervanging, beskerming en vryhandel) |
| **5.1 Uitvoerbevordering**<br>**5.2 Invoervervanging** | • ***<u>Bespreek volledig</u>*** **uitvoerbevordering en invoervervanging:**<br>- Definisie<br>- Metodes<br>- Redes/Voordele<br>- Nadele |
| **5.3 Beskerming** | • Verduidelik die **argumente** ten gunste van **beskerming**:<br>- Nywerheidsontwikkeling<br>- Kleuternywerhede<br>- Stabiele loonvlakke en 'n hoë lewenstandaard/lewenspeil<br>- Toename in indiensneming<br>- Selfvoorsienend en strategiese nywerhede<br>- Voorkoming van storting<br>- Stabiele wisselkoers en Betalingsbalans<br>- Beskerming van natuurlike hulpbronne |
| **5.4 Vryhandel** | • Verduidelik kortliks die volgende **argumente** ten gunste van **vryhandel**:<br>- Spesialisasie<br>- Ekonomieë van skaal/Skaalbesparings<br>- Keuses/Verhoogde welvaart<br>- Innovering/Beste praktyk<br>- Verbeterde internasionale betrekkinge |
| **5.5 'n Gewenste mengsel** | • Beskryf kortliks die begrip **gewenste mengsel**<br>• Verduidelik kortliks die gewenste mengsel tussen:<br>- Invoervervanging en uitvoerbevordering<br>- Beskerming en vryhandel<br>• Verduidelik handelsliberalisering en die rol van die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) as deel van globalisering<br>• Verduidelik kortliks die verskillende vorme van ekonomiese integrasie (gee toepaslike voorbeelde) |
| **5.4 'n Evaluering** | • **Evalueer kortliks** die volgende Suid-Afrikaanse **handelsbeleide**:<br>- Invoervervanging en uitvoerbevordering<br>- Beskerming en vryhandel<br><br>• **Evalueer kortliks** die suksesse en mislukkings van die volgende Suid-Afrikaanse **handelsprotokolle:**<br>- Suider-Afrikaanse Doeane-unie (SADU)<br>- Multilaterale Monetêre Gebied (MMG)<br>- Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG)<br>- Afrika-unie (AU)<br>- Europese Unie (EU)<br>- Mercusor<br>- AGOA<br>- Japan – Suid-Afrika se Vennootskapforum<br>- Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika (BRICS) |

<table>
<tr><th colspan="2">HOOFONDERWERP:<br>MIKRO-EKONOMIE</th></tr>
<tr><th>ONDERWERP 6:<br>VOLMAAKTE MARKTE</th><th>DETAIL OOR DIE INHOUD VIR ONDERRIG-, LEER- EN ASSESSERINGSDOELEINDES</th></tr>
<tr><td>Ondersoek die dinamiek van volmaakte markte met behulp van koste- en inkomstekurwes</td><td>LET WEL:<br>1. Hersien koste- en inkomstetabelle en krommes behandel in graad 11.<br>2. Onderskei tussen die kort en lang termyn.</td></tr>
<tr><td>6.1 Volmaakte mededinging</td><td>• Beskryf kortliks die begrip<br>• Ondersoek die kenmerke van 'n volmaakte mark.</td></tr>
<tr><td>6.2 Individuele besigheid en nywerheid</td><td>• Onderskei tussen individuele besighede en die nywerheid.<br>• Gebruik grafieke om die afleiding van die vraagkromme vir die individuele besigheid te verduidelik.<br>• Konstrueer 'n inkomstetabel wat toon dat V=P=GI=MI<br>• Gebruik grafieke om winsmaksimering te verduidelik met gebruik van:<br>- Totale koste- en totale inkomste-krommes<br>- Marginale koste- en marginale inkomstekrommes<br>• Lei die aanbodkromme van kostekrommes af<br><br>Die ondersoek van die individuele besighede en die nywerheid moet deur ‘n analise van tabelle en grafieke vergesel word.</td></tr>
<tr><td>6.3 Markstruktuur</td><td>• Beskryf kortliks die begrip<br>• <u>Vergelyk en kontrasteer</u> die VIER breë tipes <u>markstrukture</u> (volmaakte mededinging, monopolistiese mededinging, oligopolie en monopolie) <u>volledig</u> ten opsigte van die volgende:<br>- Aantal besighede<br>- Aard van die produk<br>- Toetrede<br>- Beheer oor pryse<br>- Inligting<br>- Voorbeelde<br>- Vraagkromme<br>- Ekonomiese wins/verlies<br>- Besluitneming<br>- Samespanning<br>- Produktiewe/Tegniese doeltreffendheid<br>- Toedelingsdoeltreffendheid<br><br>LET WEL: Hierdie deel van die sillabus moet na afhandeling van al vier die markstrukture volledig bespreek word.</td></tr>
<tr><td>6.4 Uitset/Lewering, wins, verlies en aanbod<br>6.4.1 Individuele besigheid</td><td>• <u>Ondersoek volledig</u> die verskillende ewewigsposisies met die hulp van grafieke.<br>- Verduidelik ekonomiese wins, ekonomiese verlies, normale wins met behulp van grafieke (kort termyn)<br>- Verduidelik normale wins met behulp van 'n grafiek (lang termyn)<br>- Verduidelik sluitingspunt met gebruik van koste en inkomste (FK, VK, TK, TI) en verduidelik grafies (GI en GVK)</td></tr>
<tr><td>6.4.2 Die nywerheid</td><td>Dui die verband aan tussen die nywerheidsewewigsposisies en die individuele besigheid se ewewigsposisies met grafieke, m.a.w. hoe toetrede tot en uittrede uit die mark ewewigsposisie van die kort termyn na die lang termyn beïnvloed.</td></tr>
</table>

| | |
|---|---|
| **6.5 Mededingingsbeleide** | • Beskryf kortliks die **mededingingsbeleide**<br>• Skets die **doelwitte/oogmerke** van die mededingingsbeleid<br>• Beskryf kortliks SA se **anti-monopolistiese beleid**<br>• Beskryf kortliks die Wet op Mededinging**,** 1998 (Wet 89 van 1998), soos gewysig<br>• Verduidelik die rol van die **Mededingingskommissie, Mededingings-tribunaal en Mededingingsappèlhof**<br>• Gee jou mening oor die suksesse/mislukkings van die mededingings-beleid (koppel aan huidige voorbeelde) |

<table>
<tr><th>ONDERWERP 7:<br>ONVOLMAAKTE MARK</th><th>DETAIL OOR DIE INHOUD VIR ONDERRIG-, LEER- EN ASSESSERINGSDOELEINDES</th></tr>
<tr><td>Ondersoek die dinamiek van onvolmaakte markte met behulp van koste- en inkomstekrommes</td><td></td></tr>
<tr><td>7.1 Die dinamiek van onvolmaakte markte met die hulp van koste- en inkomstekrommes</td><td>• Verduidelik die volgende in 'n onvolmaakte mark:<br>- Inkomste<br>o Inkomsteskedule ('n oorsig)<br>o Gemiddelde en marginale inkomstekrommes<br>- Koste<br>o Kosteskedule ('n oorsig)<br>o Gemiddelde en marginale kostekrommes</td></tr>
<tr><td>7.2 Monopolieë</td><td>• <u>Bespreek die monopolie volledig</u><br>• Beskryf kortliks die begrip<br>- Beklemtoon en lig goeie praktiese voorbeelde van besighede in hierdie mark uit<br>• Ondersoek die kenmerke volledig<br>• Onderskei tussen natuurlike- en kunsmatige monopolieë<br>• Verduidelik die afwaartse helling van die vraagkurwe (GI)<br>• Verduidelik die marginale inkomstekromme (Toon die verband tussen die vraagkromme (GI) en die MI-kromme grafies)<br>• Verduidelik, met behulp van grafieke, ekonomiese wins en ekonomiese verlies<br>• Verduidelik die langtermyn-ewewigsposisie met behulp van 'n grafiek<br>• Vergelyk die monopolie met 'n volmaakte mededinger ten opsigte van vraagkrommes, produkte, pryse, uitset, ewewigsposisies</td></tr>
<tr><td>7.3 Oligopolieë</td><td>• <u>Ondersoek die oligopolie volledig</u><br>• Beskryf kortliks die begrip<br>- Beklemtoon en lig goeie praktiese voorbeelde van besighede in hierdie mark uit<br>• Ondersoek die kenmerke van die oligopolie<br>• Bespreek kortliks nie-prysmededinging<br>• Bespreek kortliks samespanning (koppel dit aan huidige voorbeelde van samespannende optrede)<br>- Onderskei tussen openlike samespanning (kartelle) en stilswyende samespanning (Prysleierskap)<br>• Verduidelik in breë trekke pryse en produksievlakke<br>• Gee in breë trekke die rasionaal van die geknakte vraagkromme<br>• Gebruik die grafiek en verduidelik kortliks hoe oligopolieë onwillig is om oor pryse mee te ding.<br>• Vergelyk die oligopolie met 'n volmaakte mededinger ten opsigte van vraagkrommes, produkte, pryse, uitset, ewewigsposisies en nie-prysmededinging.</td></tr>
<tr><td>7.4 Monopolistiese mededinging</td><td>• Beskryf kortliks die begrip<br>- Beklemtoon en lig goeie praktiese voorbeelde van besighede in hierdie mark uit.<br>- Beskryf kortliks produkdifferensiasie in hierdie mark.<br>• Ondersoek die kenmerke<br>• Bespreek kortliks nie-prysmededinging (beklemtoon, o.a., advertensies, produkdifferensiasie en handelsmerke as voorbeelde van nie-prysmededinging)<br>• Gee 'n breë oorsig van pryse en produksievlakke.</td></tr>
<tr><td>7.5 Opsomming van markstrukture</td><td>• Vergelyk al VIER die markstrukture volmaakte mededinging, monopolistiese mededinging, oligopolie en monopolie)</td></tr>
</table>

| ONDERWERP 8: MARKMISLUKKING | DETAIL OOR DIE INHOUD VIR ONDERRIG-, LEER- EN ASSESSERINGSDOELEINDES |
|---|---|
| **Verduidelik die redes vir en die gevolge van markmislukking, besin oor kostevoordeel-analise (KVA)** | |
| **8.1 Die oorsake van markmislukking** | • ***Bespreek volledig*** hoe die volgende faktore lei tot die wantoedeling van hulpbronne in die mark:<br>- **Eksternaliteite**<br>- **Verlore markte**<br>- **Onvolmaakte mededinging**<br>- **Gebrek aan inligting**<br>- **Onbeweeglikheid van produksiefaktore**<br>- **Onvolmaakte verspreiding van inkomste en welvaart** |
| **8.2 Gevolge van markmislukking** | • Vergelyk die volgende ondoeltreffendhede met behulp van volledig benoemde grafieke:<br>- **Produktiewe ondoeltreffendheid**<br>- **Toedelingsondoeltreffendheid**<br><br>• Beskryf die volgende met behulp van volledig benoemde grafieke:<br>- **Negatiewe eksternaliteite**<br>- **Positiewe eksternaliteite**<br><br>• ***Bespreek volledig*** staatsinmenging as gevolg van markmislukkings, met behulp van toepaslike grafieke:<br>- **Direkte beheer**<br>- **Onvolmaakte markte**<br>- **Minimum lone**<br>- **Maksimum pryse**<br>- **Minimum pryse**<br>- **Belastings en subsidies**<br>- **Subsidies op goedere en dienste**<br>- **Herverdeling van welvaart**<br>- **Owerheidsbetrokkenheid by produksie** |
| **8.3 Koste-voordeelanalise** | • Beskryf kortliks die **begrip** koste-voordeelanalise<br>• Beskryf kortliks die **redes** vir 'n KVA<br>• Pas die KVA **in die praktyk** toe |

Kopiereg voorbehou 

<table>
<tr><th colspan="2">HOOFONDERWERP:<br>EKONOMIESE STREWES</th></tr>
<tr><th>ONDERWERP 9:<br>EKONOMIESE GROEI EN ONTWIKKELING</th><th>DETAIL OOR DIE INHOUD VIR ONDERRIG-, LEER- EN ASSESSERINGSDOELEINDES</th></tr>
<tr><td>Vergelyk Suid-Afrika se groei- en ontwikkelingsbeleide ten opsigte van internasionale maatstawwe; beklemtoon ook die Noord-Suid-verdeling</td><td>• Onderskei tussen groei en ontwikkeling</td></tr>
<tr><td>9.1 Die vraagkantbenadering</td><td>• <u>Bespreek volledig</u> die vraagkantbenadering in die bevordering van groei en ontwikkeling in Suid-Afrika<br>- Gee 'n oorsig van die vraagkantbenadering:<br>o Die monetêre beleid (rentekoersveranderinge, opemark-transaksies, morele oorreding)<br>o Die fiskale beleid (progressiewe persoonlike inkomste-belasting, welvaartsbelasting, kontantvoordele, natuurlike voordele, ander herverdeling, grondherstel en grondherverdeling, subsidies op eiendom)</td></tr>
<tr><td>9.2 Die aanbodkantbenadering</td><td>• <u>Bespreek volledig</u> die aanbodkantbenadering in die bevordering van groei en ontwikkeling in Suid-Afrika<br>- Gee 'n oorsig van die aanbodkantbenadering:<br>o Doeltreffendheid en effektiwiteit van markte<br>o Sakedoeltreffendheid<br>o Die koste om sake te doen<br>o Die produksiefaktore (natuurlike hulpbronne, menslike hulpbronne, kapitaal, entrepreneurskap, tegnologie)</td></tr>
<tr><td>9.3 Benaderings tot groei- en ontwikkelingsbeleide in Suid-Afrika gebruik</td><td>• Evalueer kortliks die volgende Suid-Afrikaanse groei- en ontwikkelingsbeleide en strategiese inisiatiewe:<br>- Heropbou- en Ontwikkelingsbeleid (HOP)<br>- Groei, Werkverskaffing en Herverdelingsprogram (GEAR)<br>- Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie (NSDS)<br>- Versnelde en Gedeelde Groei-inisiatief vir Suid-Afrika (AsgiSA)<br>- Gesamentlike Inisiatief oor die Verwerwing van Voorkeurvaardighede (JIPSA)<br>- Uitgebreide Openbarewerke-programme (EPWP)<br>- Die Nuwe Groeiplan (NGP)<br>- Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP)<br>- Kleinsake-ontwikkelingsbevorderingsprogram<br>- Swart Ekonomiese Bemagtigingsprogramme</td></tr>
<tr><td>9.4 Die Noord-Suid-verdeling</td><td>• Vergelyk lande in die Noorde met dié in die Suide met betrekking tot die volgende aspekte:<br>- Ongelyke lewenstandaarde/lewenspeile (per capita-inkome, lewensverwagting, onderwys)<br>- Uitdagings in globalisering (armoede, groei, handel)<br>- Omgewing (lande in die Noorde, lande in die Suide)</td></tr>
</table>

<table>
<tr><th>ONDERWERP 10:<br>STREEKSONTWIKKELING</th><th>DETAIL OOR DIE INHOUD VIR ONDERRIG-, LEER- EN ASSESSERINGSDOELEINDES</th></tr>
<tr><td>Motiveer Suid-Afrika se nywerheidsontwikkelingsbeleide en die toepaslikheid daarvan ten opsigte van internasionale beste praktyk</td><td></td></tr>
<tr><td>10.1 Nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika</td><td>• Beskryf kortliks die begrip 'nywerheidsontwikkeling'<br>• Verduidelik kortliks die redes vir nywerheidsontwikkeling<br>• Verduidelik Suid-Afrika se Nywerheidsontwikkelingsbeleide:<br>- 'n Oorsig en fokus van die Nasionale Nywerheidsbeleids-raamwerk (NNBR)<br>- 'n Oorsig en fokus op die Nywerheidsbeleidaksieplan (IPAP)<br>• Verduidelik die volgende Nywerheidsontwikkelingstrategieë:<br>- 'n Oorsig en fokus op die Nasionale Navorsing en Ontwikkeling-strategie (NNOS)<br>- 'n Oorsig en fokus op die Geïntegreerde Vervaardigingstrategie (GVS)</td></tr>
<tr><td>10.2 Streeksontwikkeling</td><td>• Verskaf in breë trekke die doelwitte van streeksontwikkeling</td></tr>
<tr><td>10.3 Suid-Afrika se pogings</td><td>• <u>Bespreek volledig</u> Suid-Afrika se pogings in streeksontwikkeling<br>• Bespreek ruimtelike-ontwikkelingsinisiatiewe (ROI's) in Suid-Afrika en koppel dit aan private-openbaresektor-vennootskappe<br>• Bespreek kortliks korridors in Suid-Afrika<br>• Bespreek nywerheidsontwikkelingsones (NOS'e) in Suid-Afrika<br>• Bespreek spesiale ekonomiese sones (SES'e) in Suid-Afrika (Koppel hierdie nuwe ontwikkeling aan die tekortkominge van die NOS'e en die voordele van die SES'e)<br>• Noem die verskillende ruimtelike inisiatiewe (ROI, korridors). Dui/Identifiseer hulle op 'n kaart van Suid-Afrika</td></tr>
<tr><td>10.4 Aansporings om nywerheidsontwikkeling aan te moedig</td><td>• Bespreek kortliks die aansporings wat deur die SA owerheid gebruik word om nywerheidsontwikkeling te verbeter:<br>- Kleinsake-ondersteuningsprogram<br>- SEDA-tegnologieprogram (STP)<br>- Vaardigheidondersteuningsprogram (VOP)<br>- Kritieke Infrastruktuurfasiliteite<br>- Doeanevrye aansporings<br>- Buitelandse Beleggingsaansporings<br>- Strategiese Beleggingsprogram<br>- Dienste aan Sakeprosesse</td></tr>
<tr><td>10.5 Toepaslikheid van Suid-Afrika se nywerheidsbeleide</td><td>• Gee 'n breë oorsig van die toepaslikheid van Suid-Afrika se nywerheidsbeleide.</td></tr>
</table>

| | |
|---|---|
| **10.6 Toepaslikheid van Suid-Afrika se streeksontwikkeling-beleide ten opsigte van normkriteria/maatstafkriteria ('benchmark criteria')** | • ***Bespreek volledig*** nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika ten opsigte van die volgende normkriteria:<br>- Vryemarkoriëntering<br>- Mededingendheid<br>- Volhoubaarheid<br>- Goeie staatsbestuur<br>- Verskaffing van hulpbronne<br>- Belegging van sosiale kapitaal<br>- Integrasie<br>- Vennootskappe<br>• Evalueer Suid-Afrika se streeksontwikkelingsbeleide ten opsigte van die normkriteria hierbo. |
| **10.7 Kleinsakeontwikkeling** | • Kort verduideliking en evaluering |
| **10.8 Die toepaslikheid van swart ekonomiese bemagtiging in die SA ekonomie** | • Kort verduideliking en evaluering van SEB (verwys na die verandering na BBSEB) |

| ONDERWERP 11: EKONOMIESE- EN SOSIALE AANWYSERS | DETAIL OOR DIE INHOUD VIR ONDERRIG-, LEER- EN ASSESSERINGSDOELEINDES |
|---|---|
| **Ontleed Suid-Afrika se ekonomiese- en sosiale prestasie-aanwysers en die gebruike daarvan** | |
| **11.1 Assesseer die prestasie van 'n ekonomie** | • Beskryf kortliks die **begrippe**<br>• Bespreek kortliks die belangrikheid daarvan om die prestasie van die ekonomie te **meet** |
| **11.2 Ekonomiese aanwysers** | • ***<u>Bespreek volledig</u>*** die volgende ekonomiese aanwysers:<br>- **<u>*Produksieaanwysers</u>**<br>o **<u>Nominale BBP</u>**<br>o **<u>Reële BBP</u>**<br>o **<u>Per capita-BBP</u>**<br>- **Inflasiekoersaanwysers**<br>o Produksiepryse (PPI)<br>o Verbruikerspryse (VPI)<br>- **Buitelandsehandel-aanwysers**<br>o Ruilvoet<br>o Die wisselkoers<br>- **Indiensnemingsaanwysers**<br>o Ekonomies bedrywige/aktiewe bevolking (EAB/EBB)<br>o Indiensnemingkoers<br>o Werkloosheidkoers<br>- **Produktiwiteitsaanwysers**<br>o Arbeidsproduktiwiteit<br>o Vergoeding per werker<br>- **Rentekoersaanwysers**<br>o Repokoers<br>- **Geldvoorraadaanwysers**<br>o M1<br>o M2<br>o M3 |
| **11.2 Sosiale aanwysers** | • ***<u>Bespreek volledig</u>*** die volgende sosiale aanwysers:<br>- **Demografiese aanwysers**<br>o Bevolkingsgroei<br>o Lewensverwagting<br>- **Voeding- en gesondheidsaanwysers**<br>**Voeding**<br>o Wanvoeding<br>o Oorgewig<br>**Gesondheid**<br>o Kindermortaliteit<br>o Onder 5-mortaliteit<br>o Gesondheidbesteding<br>o Toegang tot veilige drinkwater<br>o Toegang tot sanitasie<br>- **Onderwys**<br>o Persentasie openbaresektor-besteding<br>o Persentasie inskrywings in sekondêre skole<br>- **Dienste**<br>o Elektrisiteit<br>o Vullisverwydering<br>o Watervoorsiening<br>o Sanitasie<br>- **Behuising en verstedeliking**<br>**Behuising**<br>o Aantal voltooide huise<br>**Verstedeliking**<br>o Natuurlike groei in die bevolking<br>o Migrasie<br>o Stigting van nuwe dorpe |

| | |
|---|---|
| **11.4 Internasionale vergelykings** | • Vergelyk kortliks Suid-Afrika se groei- en ontwikkelingsprestasie met dit van ander lande, deur op die volgende te fokus:<br>- Globalisering<br>- Internasionale standaardisering (IMF, Wêreldbank, VN)<br>- Finansiële hulp en bystand<br>- Vergelyking en vooruitskatting |

| **ONDERWERP 12:<br>INFLASIE** | **DETAIL OOR DIE INHOUD VIR ONDERRIG-, LEER- EN ASSESSERINGSDOELEINDES** |
|---|---|
| **Ontleed en ondersoek inflasie en die beleide gebruik om dit te beveg** | |
| **12.1 Inflasie** | • Beskryf kortliks die **begrip**<br>• Ondersoek die volgende maniere om inflasie te **meet**:<br>- **Indekse** (VPI/PPI)<br>- **Gewigstoekenning** (Mandjie van goedere en dienste)<br>- **Inflasiekoers** (Berekeninge) |
| **12.2 Tipes en kenmerke van inflasie** | • Verduidelik die verskillende **tipes** inflasie<br>- **Verbruikersinflasie**<br>o Hooflyninflasie<br>o Kerninflasie<br>o Geadministreerde pryse inflasie<br>- **Produsente-inflasie**<br>o VPI<br>o PPI<br>- **Allesomvattende inflasie**<br>- **Hiperinflasie**<br>- **Stagflasie** |
| **12.3 Oorsake van inflasie** | • Onderskei tussen die verskillende **kenmerke** van vraagtrek- en kostedrukinflasie.<br>• Bespreek kortliks die **Monetariste** se verduideliking van inflasie<br>• ***Bespreek volledig*** die oorsake van vraagtrekinflasie<br>- **'n Styging in huishoudelike verbruik**<br>o **Minder besparings**<br>o **Daling in belasting**<br>o **Toegang tot krediet**<br>- **Investeringsbesteding**<br>- **Regeringsbesteding**<br>- **Uitvoerverdienste**<br>• ***Bespreek volledig*** die **oorsake** van kostedrukinflasie<br>- **Lone**<br>- **Sleutelinsette**<br>- **Wisselkoersdepresiasie**<br>- **Winsmarges**<br>- **Produktiwiteit**<br>- **Natuurrampe** |
| **12.4 Gevolge van inflasie** | • Bespreek kortliks die **gevolge** van inflasie onder die volgende opskrifte:<br>- **Debiteure/Krediteure**<br>- **Salaris- en loontrekkers**<br>- **Beleggers en spaarders**<br>- **Belastingbetalers**<br>- **Nywerheidsvrede** |
| **12.5 Die inflasieprobleem in Suid-Afrika** | • Gee 'n breë oorsig van **verwagtinge** en inflasie<br>• Gee 'n breë oorsig oor die **inflasieprobleem** in Suid-Afrika |
| **12.6 Maatreëls om inflasie te bestry** | • Bespreek kortliks die maatreëls om inflasie te bestry<br>- **Vraagtrekinflasie**<br>o Monetêre beleid<br>o Fiskale beleid<br>- **Kostedrukinflasie**<br>o Produktiwiteit<br>o Mededinging |
| **12.7 Inflasieteikens** | • Verduidelik die sukses van **inflasieteikens** |

<table>
<tr><th>ONDERWERP 13:<br>TOERISME</th><th>DETAIL OOR DIE INHOUD VIR ONDERRIG-, LEER- EN ASSESSERINGSDOELEINDES</th></tr>
<tr><td>Debatteer die ekonomiese belangrikheid van toerisme vir Suid-Afrika en stel beleide voor wat dit kan bevorder. Verwys na die belangrikheid van inheemse kennisstelsels (IKS).</td><td></td></tr>
<tr><td>13.1 Toerisme</td><td>• Gee 'n breë beskrywing van die relevante begrippe<br>• Gee 'n breë oorsig oor die tipes toerisme<br>• Gee 'n breë oorsig oor die meting van toerisme</td></tr>
<tr><td>13.2 Redes vir die groei</td><td>• Bespreek kortliks die redes vir groei in die toerismebedryf (internasionaal en plaaslik)</td></tr>
<tr><td>13.3 Die gevolge/uitwerking van toerisme</td><td>• <u>Ondersoek volledig</u> die gevolge/uitwerking van toerisme<br>- BBP<br>- Indiensneming<br>- Armoede<br>- Eksternaliteite<br>- Omgewing<br>- Investering</td></tr>
<tr><td>13.4 Die voordele van toerisme</td><td>• <u>Ondersoek volledig</u> die voordele van toerisme<br>- Huishoudings<br>- Besighede<br>- Staat<br>- Infrastruktuurontwikkeling</td></tr>
<tr><td>13.5 Suid-Afrika se profiel</td><td>• Bespreek kortliks Suid-Afrika se toerismeprofiel onder die volgende opskrifte:<br>- Doel van besoeke<br>- Binnelandse bestemmings<br>- Binnelandse toeriste<br>- Inheemse kennis</td></tr>
<tr><td>13.5 Beleidsvoorstelle</td><td>• Gee 'n breë oorsig van die Departement van Toerisme se beleidsvoorstelle onder die volgende hoofde:<br>- Bemarking<br>- Ruimtelike verspreiding<br>- Belasting<br>- Infrastruktuurontwikkeling</td></tr>
</table>

<table>
<tr><th>ONDERWERP 14: OMGEWINGS-VOLHOUBAARHEID</th><th>DETAIL OOR DIE INHOUD VIR ONDERRIG-, LEER- EN ASSESSERINGSDOELEINDES</th></tr>
<tr><td>Ontleed omgewingsvolhou-baarheid en ondersoek onlangse ooreenkomste in hierdie verband, byvoorbeeld die Rio de Janeiro- en Johannesburg-berade</td><td></td></tr>
<tr><td>14.1 Die toestand van die omgewing</td><td>• Beskryf kortliks die relevante begrippe<br>• Bespreek kortliks die toestand van die omgewing onder die volgende opskrifte:<br>- Besoedeling (Definisie en tipes)<br>- Erosie<br>- Ontbossing<br>- Klimaatsverandering<br>- Beskerming<br>- Bewaring</td></tr>
<tr><td>14.2 Maatreëls om volhou-baarheid te verseker</td><td>• Bespreek kortliks hoe die markte gebruik kan word om volhoubaarheid te verseker onder die volgende opskrifte:<br>- Die mark maak nie voorsiening vir sosiale koste en byvoordele nie<br>- Die mark misluk om verskeie redes<br>- Die meganisme van die mark en sosiale koste en byvoordele<br>• <u>Bespreek volledig</u> hoe die owerheid volhoubare ontwikkeling kan verseker onder die volgende opskrifte:<br>- Toeken van eiendomsreg<br>- Betaal vir omgewingsgebruik<br>- Hef van omgewingsbelasting<br>- Betaal omgewingsubsidies<br>- Uitreik van bemarkbare permitte<br>- Bevel en beheer<br>- Vrywillige ooreenkomste<br>- Onderwys</td></tr>
<tr><td>14.3 Internasionale maatreëls</td><td>• <u>Bespreek volledig</u> die volgende probleme en die internasionale maatreëls getref om omgewingsvolhoubaarheid te verseker onder die volgende opskrifte:<br>- Biodiversiteit<br>- Chemiese afval<br>- Gevaarlike afval<br>- Klimaatsveranderingbeleid – aanpasbaarheid en versagting<br>- Verlies aan Inheemse kennis<br>• Gee 'n breë oorsig van die vernaamste internasionale protokolle en ooreenkomste oor volhoubare ontwikkeling:<br>- Rio de Janeiro-beraad (UNCED)<br>- Johannesburg-beraad (WSSD)<br>- Rio + 20-beraad<br>- Kyoto Protokol<br>- Millenniumontwikkelingsdoelwitte<br>- Verenigde Nasies se Raamwerkooreenkoms oor Klimaatsverandering<br>- Konferensie van die Partye (COP17)</td></tr>
</table>

Kopiereg voorbehou 

## 4. SLOT

Hierdie Eksamenriglyne-dokument is bedoel om die assesseringsaspirasies wat in die KABV-dokument voorgestaan word, te verwoord. Dit is derhalwe nie 'n plaasvervanger van die KABV-dokument, wat onderwysers vir onderrig moet gebruik, nie.

Kwalitatiewe kurrikulumdekking, soos uiteengesit in die KABV, kan nie oorbeklemtoon word nie.

**LET WEL: Die struktuur van die NSS-Ekonomie-vraestelle (bl. 4–7) vervang die BYLAE wat by die KABV (bl. 45–46) ingesluit is.**

Kopiereg voorbehou